1/113/3 21



NASIONALE VEILIGHEIDSBESTUURSTELSEL
NATIONAL SECURITY MANAGEMENT SYSTEM

SEKRETARIAAT VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD
SECRETARIATE OF THE STATE SECURITY COUNCIL

Verwysing / Reference: 22/3/2/19
Navrae / Enquiries:
Telefoon / Telephone: 21-2205

Robert Kochgebou/Building
Pretoriusstraat/Street
Privaatsak/Private Bag X284
0001 PRETORIA

Augustus 1982

SVR-RIGLYNE VIR 'N TOTALE STRATEGIE VIR MOSAMBIEK: NO 19

1. INLEIDING

1.1 Riglyne vir 'n Totale Strategie vir Mosambiek is op 26 Oktober 1981 deur die Staatsveiligheidsraad goedgekeur in die lig van die RSA se verhoudings=patroon en verwikkelinge in Mosambiek toenter=tyd. Die riglyne is onder dekking van die Sekre=tariaat van die SVR se diensbrief V21/1/1/2/3 oor V21/1/1/2/7 van 13 November 1981 aan alle betrok=kenes uitgereik.

1.2 Ooreenkomstig die SVR opdrag, moet die riglyne na 'n periode van sesmaande, waartydens 'n afwagten=de houding ingeneem en verwikkelinge gemonitor word, in hersiening geneem word.

1.3 Die hersiening geskied in die lig van die maande=likse monitorverslae wat van belanghebbende De=partemente ontvang is, die periodieke Situasie=rapporte en 'n studiestuk (Verw TNV 19/82 van 28 Julie 1982) opgestel deur die Tak Nasionale Ver=

File NCS 13/2

tolking van die Sekretariaat van die SVR, aangaande die heersende politieke, ekonomiese en militêre situasies in Mosambiek.

2. STRATEGIESE SITUASIE

Die heersende strategiese situasie in Mosambiek kan soos volg kernagtig saamgevat word.

2.1.1 Op die politieke vlak is daar aanduidings dat die FRELIMO-bewind van president Machel in die jongste tyd onder toenemende druk verkeer en hom almeer op eksterne hulp moet verlaat om die binnelandse probleme te hanteer. Daar is tekens van tweespalt in regeringskringe oor die sterk pro-Sowjetbeleid wat tot dusver nagevolg word en die Frelimo-partysteun is aan die kwyn omrede die talle knelpunte, ekonomiese en maatskaplik, waaroor ontevredenheid onder die volk toeneem. As gevolg van die verslegtende ekonomiese en veiligheidsituasie, knellende droogte en natuurrampe is daar 'n toeloop van Swart Mosambiekers na die RSA.

2.1.2 Optredes van die Mosambiekse Weerstandsbeweging (RNM) is aan die toeneem en Mosambiek moes hom beroep op groter militêre steun van Tanzanië, Zimbabwe, Portugal en Rusland en ander Oosbloklande.

2.1.3 President Machel geniet nog die leiersposisie maar die FRELIMO-regering sal, op die lang duur, homself slegs kan handhaaf in die mate wat hy daarin slaag om die aktiwiteite van die RNM aan bande te lê en andersyds die toenemende ontevredenheid onder die bevolking te bekamp deur die uitskakeling van die talle sosio-politieke en ekonomiese knelpunte.

2.1.4 Die FRELIMO-bewind se eie vermoë om die probleme te bowe te kom word bevraagteken. Die invloed en rol van die buiteland sal hierin van bepalende belang wees. Dit wil voorkom of die volgende twaalf maande 'n krisisperiode vir die FRELIMO-bewind gaan wees.

2.2.1 Op die ekonomiese vlak heers daar 'n totale in=sinking gekenmerk deur hoë inflasie, toenemende werkloosheid, hongersnood wat die land bedreig as gevolg van terugslae en ernstige verwaarlosing van die landbou wat die invoer van selfs stapel=voedsel noodsaak, betalingsbalansprobleme en 'n stygende buitelandse skuldelas in die aangesig van die wêreld-resessie. Geen merkbare vordering is gemaak met president Machel se tienjaar ont=wikkelingsplan wat in Januarie 1980 geloods is nie. Wanbestuur asook RNM-optredes, toegespits op sabotasie van die infrastruktuur, het 'n ver=lammende uitwerking op die handelsposisie.

2.2.2 Die nywerheidsektor word steeds nadelig beïnvloed deur 'n tekort aan geskoolde arbeid.

2.2.3 Die relatief groot potensiaal vir mynbou-ontwik=keling asook aardgas en olie lê nog braak, alhoe=wel daar buitelandse belangstelling is. Vir die huidige word op die ontginning van steenkool toe=gespits.

2.2.4 Die steunpunt in die ekonomie van Mosambiek is sy spoorvervoerstelsel en hawe-fasiliteite wat die grootste verdiener van buitelandse valuta is. Weens swak instandhouding, tekort aan geskoolde mannekrag, stormskade en sabotasie aanslae deur die RNM het die hoeveelheid vrag gehanteer en ge=volglik die inkomste aansienlik gedaal.

2.2.5 Ekonomiese werklikhede noodsaak Mosambiek, om po= litieke verskille ten spyt, op ekonomiese ter= rein met die RSA verbintenisse te behou. Mosam= biek is die RSA se tweede belangrikste (naas Zim= babwe) handelsvennoot in Afrika. Die RSA se uit= voere (goedere en dienste maar valuta (goud) uit= gesluit) het in 1980 R234 miljoen beloop teenoor R190 miljoen in 1981. Die RSA se invoere uit Mo= sambiek het R7 miljoen in 1980 teenoor R9 miljoen in 1981 beloop. Die pogings om Mosambiek in die kader van die "Southern Africa Development Coor= dination Council" (SADCC) se projekte, minder af= hanklik van die RSA te maak en Mosambiek se ha= wens en vervoerfasiliteite uit te bou, ten koste van die RSA waarvan ander lede van SADCC tans ge= bruik maak, lyk op die kort- en mediumtermyn nie verwesenlikbaar nie. Mosambiek het wel by die pogings te baat.

2.3.1 Op die militêre/veiligheidsvlak in Mosambiek is die toenemende aanslae van die RNM-weerstandsbe= weging, toenemende wanorde en misdaad en gebrek= kige dissipline onder die veiligheidsmagte, ken= merkend van die situasie.

2.3.2 Onrusbarend vanuit die RSA se gesigspunt, is die toenemende aandeel wat Rusland en sy satelliet= state neem in die opbou en opleiding van die vei= ligheidsmagte en hul logistieke vermoëns. Mosam= biek het hom moes beroep op militêre steun vanuit Tanzanië en Zimbabwe om die RNM bevrydings-beweg= ing te bekamp. Die RNM spits sy aktiwiteite, op sabotasie van die infrastruktuur toe wat 'n ver= lammende uitwerking op die ekonomie het.

2.3.3 Die sterkte van die Mosambiekse gewapende magte word beraam op 30 000 FAM-soldate (opgelei), 7 500 rekrute, 10 000 milisie en 8 000 "FRELIMO-veterane" wat gedurende Junie 1982 deur Machel opgeroep is vir aanwending teen die RNM. Die grootste deel van FAM is ontplooi in die sentrale en suidelike gedeelte van Mosambiek waar hulle aangewend word in 'n teeninsurgensie rol teen die RNM. Die ander veiligheidsmagte bestaan uit 'n polisiemag en veiligheidsdiens van 5 000 man en die grenswagbrigades (TGF) bestaan uit 6 000 man, met 'n rangstruktuur soortgelyk aan die van die USSR.

2.3.4 Die opbou van 'n konvensionele mag in Mosambiek geskied in noue samewerking met 'n aantal Oos=blok-lande wat militêre hulp in die vorm van ad=viseurs, opleiding, wapens en uitrusting ver=skaf. Die USSR en Oos-Duitsland is prominent. Die volgende buitelandse militêre personeel is in Mosambiek teenwoordig: Russe (800), Oos-Duitsers (300-400), Kubane (600-800), Angolese, Hongare, Tsjeggo-Slowake (50), Bulgare, Romeniërs, Noord-Koreane, Viëtnamese en ongeveer 3 000 tot 4 000 Tanzaniërs. Portugal het ook intussen ingestem om Mosambiek van militêre uitrusting (ligte wa=pens en uniforms), asook opleidingsinstrukteurs te voorsien.

2.3.5 Sowjet-militêre personeel is by al tien die brig=adehoofkwartiere, te wete by Boane, Mapai, Chi=moio, Tete, Chokwe, Lichinga, Nacala, Cuamba, Quelimane en Beira, sowel as die verdedigings=hoofkwartier, toegevoeg waar hulle optree as ad=viseurs en instrukteurs. Oos-Duitsland oefen groot invloed uit op die Mosambiekse polisie

(CPPN), veiligheidspolisie (PIC), veiligheids= diens (SNASP), Radio Maputo en die Mosambiekse pers.

2.3.6 Die Mosambiekse Lugmag (FPA) beskik tans oor twee MIG-17-vegtereskaders wat hoofsaaklik deur Mosam= biekers beman word. Ander vliegtuie word ook deur Kubane en Russe beman. Die lugmagtoerusting is in 'n groot mate ondiensbaar en 'n tekort aan opgeleide tegnici en vlieëniers kniehalter die FPA se vermoë. Die lugverdedigingstelsel in Mo= sambiek geniet hoë prioriteit.

2.3.7 Verskerpte RNM aktiwiteite sedert Januarie 1982 het die weerstandsbeweging se invloedsgebied van= af die Manica- en Sofala-provinsies uitgebrei na die Gaza- en Inhambane-provinsies. Geisoleerde aktiwiteite is in die Tete- Zambezia- en Maputo-provinsies aangemeld.

2.3.8 Die RNM geniet die steun van 'n groot aantal bur= gerlikes in die gebiede waar hulle aktief is. Redes hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat hulle genoodsaak is om die teenwoordigheid van die RNM te aanvaar, asook ontevredenheid met die FRELIMO-bewind en die gebrek aan kos, behuising en gesondheidsdienste waaronder hulle gebuk gaan.

3. BEDREIGINGSONTLEDING

3.1 Die Machel bewind handhaaf 'n openlike vyandigge= sindheid teenoor die RSA en het sy steun toegesê aan die omverwerping van die Blanke-bewind. Die ANC en SAKP-elemente word toegelaat om hulle be= drywighede in en vanuit Mosambiek voort te sit.

3.2 Alhoewel die gewapende magte van Mosambiek nie 'n direkte bedreiging vir die RSA inhou nie, bestaan daar wel 'n potensiële bedreiging gesien Mosambiek se verklaarde vyandigheid en die geredelikheid waarmee Rusland en sy surrogaatmagte Mosambiek se grondgebied, fasiliteite en die FAM se uitrusting kan gebruik teen die RSA ter verwesenliking van Rusland se ekspansionistiese doelstellings in Suider-Afrika.

3.3 Op die ekonomiese terrein hou Mosambiek nie direk 'n wesenlike bedreiging vir die RSA in nie. Die Maputo-hawefasiliteite is wel vir die RSA van ekonomiese belang so ook die mark wat Mosambiek vir RSA uitvoere bied. Die gebruik van die hawe deur die RSA vergemaklik handel met die sg boikotlande. In geval van grootskaalse politieke en militêre onstabiliteit in Mosambiek, 'n tendens wat tans na vore tree kan die voordele wat die RSA uit sy ekonomiese betrekkinge met Mosambiek put in die gedrang kom.

3.4 Die SADCC beoog dat Mosambiek sy hawegeriewe en vervoerverbindings, indien dit voldoende verbeter kan word, in 'n groter mate tot die beskikking stel van lande wat tans tot 'n meerdere of mindere mate van die RSA se vervoer-infrastruktuur afhanklik is om so hulle afhanklikheid van die RSA te verminder.

3.5 Die beskuldigings wat Mosambiek gedurig maak dat die RSA doelbewus poog om die lande in Suidelike Afrika te destabiliseer op ekonomiese, politieke en militêre gebied, dra by tot ongunstige klimaatskepping teenoor die RSA.

3.6 'n Ooreenkoms gesluit tussen Mosambiek en Zimbab= we maak daarvoor voorsiening dat 'n aanval op Mosambiek beskou sal word as 'n aanval op Zim= babwe en omgekeerd. Vriendskaps- en samewer= kingsverdrae wat tussen Mosambiek en die USSR, Kuba en die DDR gesluit is, hoewel vaag bewoord, hou die bedreiging in dat Mosambiek op militêre bystand van daardie lande kan reken.

3.7 Mosambiek verskaf huisvesting aan ANC- en ander terroristebewegings wat teen die RSA optree. Hierdie terroriste maak van Swaziland gebruik as deurgangsroete vanaf Mosambiek na die RSA en die toestand kan vererger indien Swaziland se vriend= skaplike houding teenoor die RSA sou verswak.

4. VERMOëNSANALISE

4.1 Aangesien daar nie diplomatieke betrekkinge tus= sen die RSA en Mosambiek bestaan nie, is die RSA se vermoë op hierdie vlak beperk. Daar bestaan egter wel amptelike kanale van kommunikasie op amptenaarsvlak. Die RSA beskik ook oor die ka= naal van sy Handels- en Spoorwegverteenwoordigers in Maputo en Mosambiek het 'n Arbeidsverteenwoor= diger in Johannesburg.

4.2 Die RSA se verbintenisse met Mosambiek op ekono= miese-, arbeids- en vervoergebied en kragvoorsie= ning bly sigbaar en hou politieke en diplomatieke bedingingsmoontlikhede in waardeur beïnvloeding uitgeoefen kan word. Oorredingsmaatreëls kan dus toegepas word mits die moontlike gevolge vir die RSA by die aanwending daarvan, die doel wat be= reik moet word kan regverdig en die RSA se be= lange nie in die gedrang kom nie.

4.3 Deur middel van propaganda deur die media asook beïnvloeding van die talle Mosambiekse arbeiders in die RSA, beskik die Republiek oor die vermoë om sielkundige en maatskaplike aksies te loods ter beïnvloeding van verhoudings met Mosambiek.

4.4 Die Republiek se verdedigingsvermoë is sodanig dat dit die huidige bedreiging vanuit Mosambiek die hoof kan bied. Die RSA se vermoë hiertoe sal egter relatief afneem tot die mate wat Mosambiek van die hulp van surrogaatmagte gebruik maak. 'n Intensief-geaktiveerde front soortgelyk aan die in SWA sal beswaarlik saam met SWA gehanteer kan word.

5. NASIONALE DOEL EN DOELSTELLING

5.1 Doel: Om die lewensomstandighede van alle vol= kere en bevolkingsgroepe in Suider-Afrika te ver= beter.

5.2 Doelstelling: Om Mosambiek te betrek by 'n Sui= der-Afrika konstellasie van state met 'n gemeen= skaplike benadering tot ekonomiese, militêre en internasionale vraagstukke sonder prysgawe van beginsels.

6. OPDRAG

6.1 Mosambiek se houding moet sodanig beïnvloed word dat hy tesame met die RSA gemeenskaplike belange bevorder en uiteindelik by 'n Konstellasie van State betrek word.

7. ALGEMENE SKETS

7.1 In die lig van die huidige strategiese situasie in Mosambiek en met inagneming van die opdrag,

word die RSA se totale strategie vir Mosambiek op die volgende raamwerk gebaseer:

7.1.1 Volgehoue pogings om diplomatieke verhoudings tussen die RSA en Mosambiek te verbeter.

7.1.2 Die voortsetting van ekonomiese betrekkinge wat tot die RSA se voordeel strek.

7.1.3 Die weerhouding van enige ekonomiese/maatskaplike steun wat kan bydra tot 'n verstewiging van 'n vyandige Mosambiek se ekonomie.

7.1.4 Die voortsetting van toepaslike veiligheidsakti= witeite.

7.1.5 Die oordeelkundige aanwending van toepaslike sielkundige aksie.

8. TAKE

8.1 Die staatkundige taak moet daarop gerig wees om die volgende doelstellings te bereik:

8.1.1 Om die Mosambiekse regering te oortuig dat same= werking in Suider-Afrika tot die voordeel van al= le lande in die streek sal wees.

8.1.2 Om 'n modus vivendi met Mosambiek te bereik met inagneming van die ekonomiese bande wat die RSA en Mosambiek met mekaar verbind en 'n besondere verhouding vereis.

8.1.3 Om die regering van Mosambiek te oorreed om geen ondersteuning aan terrorisbewegings te gee nie.

8.1.4 Om te waarsku dat insypeling van anti-RSA-terro= riste vanuit Mosambiek bestaande verhoudings sal benadeel en tot teenoptrede sal lei.

8.1.5 Om by elke geleentheid wat hom voordoen die voor=dele van die konstellasie van Suider-Afrika-state te beklemtoon om Mosambiek sodoende uiteindelik daarby te betrek.

8.1.6 Om die bestaande kanale van kommunikasie met Mo=sambiek via die RSA se Handelskantoor en Vervoer=diensteverteenwoordiger in Maputo ten volle te benut om betrekking met die Mosambiekse owerhe=de, staatsdiens en sakelui uit te bou.

8.2 Die ekonomiese taak stel die volgende doelstel=lings voorop:

8.2.1 Om Mosambiek te oortuig van die voordele vir hom van ekonomiese inskakeling by Suid-Afrika.

8.2.2 Om bestaande ekonomiese betrekkinge voort te sit en sover moontlik uit te bou ten einde Mosambiek se afhanklikheid van RSA-goedere en -dienste, in=sluitende die infrastruktuur, te verhoog met in=agneming van die RSA se langtermyn belange.

8.2.3 Om die vervoer van in- en uitvoergoedere vanaf en na Mosambiek onder normale omstandighede nie voorkeur te laat geniet bo die vervoer van die Republiek se goedere nie met inagneming van moontlike teenaksies deur Mosambiek tov die ge=bruik wat die RSA se handel met Malawi het van Mosambiek se vervoerroetes, of die gebruik van die Maputo-hawe vir Suid-Afrikaanse in- en uit=voere. Voorts moet die vervoer van goedere per pad binne die bepalings van die Motortransportwet en met inagneming van bestaande pad- en spoorge=riewe vervoer word.

8.2.4 Om toekomstige ekonomiese en handelskontrakte wat tussen die regerings van die RSA en Mosambiek gesluit word, op so 'n wyse te beding dat dit, waar moontlik, behalwe vir die finansiële voordeel, ook verdere voordele vir die RSA sal inhou.

8.2.5 Om in belang van toegang tot ander state, veral Malawi, verhoudinge met Mosambiek sodanig te hou dat dit nie oorvlugregte en deurgangsroetes na ander lande belemmer nie.

8.2.6 Om die bestaande kanale van kommunikasie met Mosambiek via die RSA se handelskantoor in Maputo ten volle te benut om goeie betrekkinge met die Mosambiekse owerhede, staatsdiens en sakelui uit te bou.

8.2.7 Om deurlopende beplanning te doen tov daardie fasette van interafhanklikheid wat vir die RSA van ekonomiese en politieke belang is en ten opsigte waarvan Mosambiek poog om uiteindelik sy afhanklikheid, of die van ander Suider-Afrikastate, van die RSA te verminder, met nadelige of ongewenste gevolge vir die RSA.

8.2.8 Om die werwing van Swart arbeid uit Mosambiek so te beheer dat dit in belang van die RSA geskied.

8.2.9 Om in geval van diskriminerende of onaanvaarbare ekonomiese optredes deur Mosambiek teen die RSA of waar internasionale ekonomiese dwangmaatreëls met Mosambiek se steun ingestel word, gepaste optredes te neem.

8.2.10 Om wanneer absoluut noodsaaklik geag en met inagneming van die implikasies daarvan, dwangmaatreëls op ekonomiese gebied toe te pas, onderhewig

aan spesifieke besluitneming daaroor deur die SVR ter nastrewing van nasionale veiligheidsdoelstel= lings. Hierdie maatreëls moet gebaseer word op goedgekeurde riglyne vir die toepassing daarvan.

8.3 Die maatskaplik/sielkundige taak streef die vol= gende doelstellings na:

8.3.1 Om die voordele van samewerking in Suider-Afrika aan Mosambiek oor te dra en die RSA se bydrae tot die gebied te beklemtoon.

8.3.2 Om Mosambiek en die OAE te oortuig dat die geo= grafiese posisie van Mosambiek en ander Suider-Afrikaanse state vis-a-vis die RSA erkenning ver= dien.

8.3.3 Om die beskuldigings teen die RSA as destabili= seerder effektief teen te werk en so ook die be= skuldigings dat die RSA die Mosambiekse bevry= dingsbeweging (RNM) steun op 'n volgehoue wyse weerlê.

8.3.4 Om die nadele verbonde aan die huisvesting van en ondersteuning aan terroriste te beklemtoon met verwysing na die RSA se vasberadenheid om op te tree indien nodig.

8.3.5 Om die nadelige resultate van die sosialistiese bewind in Mosambiek aan die kaak te stel en uit te buit.

8.3.6 Om magsvorming tussen Mosambiek en sy buurstate of vreemde moondhede, wat vir die RSA 'n bedrei= ging inhou, teen te werk.

8.3.7 Om Mosambiekse trekarbeiders subtiel ten gunste van die RSA en teen die Marxistiese-bewind in Mo= sambiek te beïnvloed.

8.3.8 Om die beeld van die RSA en sy bona fide doel=stellings oordeelkundig by die Mosambiekse bevol=king te bevorder.

8.3.9 Om negatiewe beïnvloeding deur Mosambiek ten op=sigte van samewerking tussen die RSA en ander state in Suidelike Afrika teen te werk.

8.4 <u>Die veiligheidstaak</u> stel die volgende doelstel=lings voorop:

8.4.1 Om kanale van kommunikasie tussen die veilig=heidsinstansies in die RSA en Mosambiek op te bou.

8.4.2 Om enige moontlike terroriste-optrede vanuit Mo=sambiek te bekamp en indien nodig met SVR-gemag=tigde optrede te vergeld.

8.4.3 Om gebeurlikheidsbeplanning voor te berei vir die neutralisering van geïdentifiseerde teikens, ook op hoofkommunikasieroetes. Enige optredes moet eers deur die SVR goedgekeur word.

8.4.4 Om deur middel van konsultasie te verseker dat optredes deur die veiligheidsinstansies ter on=dersteuning van en met die ondersteuning van die sielkundige aksie-program geskied.

8.4.5 Om ander veiligheidsoptredes in RSA-belang te neem onderhewig aan die ~~normale~~ SVR magtigingsprose=dures.

9. SLOT

9.1 Dit is noodsaaklik dat alle optredes gekoördi=neerd plaasvind. Omrede die noue verwantskap,